
















# Aanbevole klasleesboeke vir graad 4-7 (2020)



| Titel | Skrywer & kort beskrywing | Prys | Aantal bladsye | Aanbevole graad |
|---|---|---|---|---|
| **’n Goeie dag vir boomklim**<br>**(gratis studiegids beskikbaar)**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Marnus beland saam met Leila bo in ’n boom in ’n desperate poging om te keer dat dit afgekap word. En uiteindelik kry Marnus ’n kans om raakgesien te word … ’n Humoristiese, aangrypende grootwordverhaal vol onvergeetlike karakters.<br><br>**ISBN: 9780799373967** | R170 | 128 | **7 HT** |
| **’n Ou soos jy**<br> | Annabel Allers<br><br>Emma ontdek ’n boek wat stap vir stap verduidelik hoe om ’n ou se hart te wen en sy besluit om die uitdaging te aanvaar ... Sy gaan die boek se raad volg en die beste vakansieromanse ooit hê! Wat kan verkeerd loop?<br><br>**ISBN: 9780799394764** | R170 | 120 | **7 HT** |
| **Aksieheld Austin**<br> | Fanie Viljoen<br><br>Ewald is baie opgewonde toe hy die rol van Aksieheld Austin in ’n fliek losslaan. Maar iets is nie pluis op die filmstel nie. Dit lyk asof ’n regte skurk die rolprent probeer saboteer. As Ewald die fliek wil red, sal hy so dapper soos ’n REGTE aksieheld moet wees ...<br><br>**ISBN: 9780799366327** | R135 | 64 | **4-5 HT**<br>**6-7 EAT** |
| **As die kat weg is…**<br> | Annette Herzog<br><br>Aristoteles is ’n silwergrys mannetjieskat in die fleur van sy lewe, en hy is baie mooi – hy reken self so. Anna en haar gesin dink gelukkig ook so. Altans, dis wat Aristoteles dink … tot die dag toe hy uitvind Anna wil graag ’n hond vir haar verjaardag hê.<br><br>**ISBN: 9780799388831** | R160 | 104 | **4-5 HT**<br>**6 EAT** |
| **Bertie Blikbrein**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Nico se pa is ’n uitvinder. Hy het al baie vreemde dinge ontwerp ... Haarjel wat van kleur verander. ’n Stoel wat jou kielie as jy aan die slaap raak. Selfs sandale wat jou toonnaels knip! Maar sy nuutste uitvinding is die heel beste. Dis ’n regte, egte robot! Bertie Blikbrein kan praat, somme doen en selfs grappies vertel.<br><br>**ISBN: 9780799351194** | R125 | 40 | **4-5 EAT** |
| **Betsie, meneer Tier en die blou maan**<br> | Sally Gardner<br><br>Betsie se lewe is fantasties. Haar pa is ’n roomysmaker en maak die lekkerste roomys op aarde in elke geur waaraan jy kan dink. Haar ma is ’n meermin wat in die see bly en gereeld kom kuier. Maar Betsie het twee drome: Sy wens dat Meneer Tier se sirkus haar eiland sal kom besoek en sy droom oor roomys wat van towerbessies gemaak word en wat drome laat waar word …<br><br>**ISBN: 9780799391121** | R180 | 136 | **7 HT**<br>**7 EAT** |
| **Cowboy Koekemoer van die Klein Karoo en die petrolpadda**<br><br>***Ander boeke in die reeks:***<br>**Cowboy Koekemoer van die Klein Karoo en die soutwatergogga** | Henry Ferreira<br><br>Cowboy Koekemoer en sy getroue kameelperd, Shorty, het die hele dag lank deur die Klein Karoo geswerf op soek na avonture. Maar laatnag is daar ’n vreemde geluid naby hul kampvuurtjie. Twee gloeiende rooi oë verskyn in die donker. Gaan Koekemoer en Shorty die petroldief vastrek wat die Klein Karoo se water besoedel?<br><br>**ISBN: 9780799380071** | R125 | 32 | **4 HT** |






| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Dans, Jenna**<br> | Noreen Nolte<br><br>Die afgelope paar weke kan Jenna voel haar dansskoene is amper te klein, maar sy het nie die moed om haar ma vir nuwe skoene te vra nie. As 'n mens se pa oorlede is en jou ma twee werke doen net om kop bo water te hou, is balletklasse eintlik 'n onbetaalbare luukse. Om vir nuwe skoene te wens is so goed soos dagdromery. Sy moet maar net hoop die skoene hou nog 'n ruk – om nie eens van haar voos gedansde pointes te praat nie. Hopelik gebeur daar 'n wonderwerk!<br><br>**ISBN: 9780799384475** | R135 | 80 | **5-6 HT**<br>**6-7 EAT** |
| **Die fantastiese avonture van Theo die kat**<br> | Wendy Hartmann<br><br>Theo bly saam met sy ma, sy broer en sy suster reg langs die biblioteek. Die ander katte stel net belang in kos, kattekwaad en kattemaai. Maar nie Theo nie. Hy hou van lees. In hierdie pragtig geïllustreerde omnibus verskyn drie lekkerleesstories oor Theo se avonture.<br><br>**ISBN: 9780799379891** | R155 | 96 | **4-5 HT**<br>**5-6 EAT** |
| **Die geheime bestanddeel in Petra Pienk se piesangbrood**<br> | Fanie Viljoen<br><br>Op 'n dag kry Petra Pienk 'n briljante plan ... Sy gaan piesangbrood verkoop! Maar dis nie sommer gewone piesangbrood nie – Petra voeg 'n geheime bestanddeel by. Sommer gou is Petra se piesangbrood op almal se lippe. En iemand is desperaat om uit te vind wat die geheime bestanddeel is ...<br><br>**ISBN: 9780799374032** | R150 | 72 | **4-5 HT**<br>**5-6 EAT** |
| **Die leeutemmer se assistent**<br> | Solet Scheeres<br><br>Martjie beland saam met 'n leeu in een van die Pagel-sirkus se treintrokke – en nadat sy die mense van die sirkus leer ken, weet sy dat haar lewe nooit weer dieselfde sal wees nie. Hierdie aangrypende, aksiebelaaide verhaal is losweg op die geskiedenis van die beroemde Pagel-sirkus geskoei.<br><br>**ISBN: 9780799379143** | R170 | 152 | **7 HT** |
| **Die meisie wat gedink het haar ma is 'n meermin**<br> | Tania Unsworth<br><br>Stella is nog altyd die eenkantkind in die familie gewees. Sy loop in haar slaap en sy is bang vir die water alhoewel sy geboei is daardeur. Die grootste raaisel vir Stella is haar ma, wat oorlede is toe Stella agt jaar oud was. Wie was haar ma? Hoekom het sy vir Stella 'n hangertjie gegee wat "die belofte van die see" genoem word? Niemand kan vir Stella antwoorde gee nie omdat haar pa te hartseer is en haar ouma se geheue versleg. Dit is net deur die see te trotseer, dat Stella regtig die antwoord op haar grootste vraag kan uitvind: Was haar ma 'n meermin?<br><br>**ISBN: 780799391138** | R200 | 160 | **7 HT**<br>**7 EAT** |
| **Die swakste restaurant in die heelal (kortverhale)**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Kom eet by die swakste restaurant in die heelal, vind uit hoe om toonkonfyt te maak, of gee vir tannie Breggie 'n soentjie – as jy dapper genoeg is. GIGGEL, GIL, BRUL, PROES, SNORK en SKATER van die lag met hierdie versameling skreeusnaakse stories uit die pen van Jaco Jacobs. Hierdie bundel kortverhale bevat tien stories wat gewaarborg is om jong lesers se lagspiere oortyd te laat werk.<br><br>**ISBN: 9780799388817** | R170 | 152 | **7HT**<br>**7EAT** |
| **Dinge wat ek nie van skape geweet het nie (studiegids beskikbaar)**<br> | Jaco Jacobs<br><br>As jy op die ingewing van die oomblik 'n skaap by 'n kerkbasaar steel, sal jou lewe nooit weer dieselfde wees nie ... Hierdie humoristiese, hartroerende tienerboek sal jou anders laat kyk na die dinge wat die lewe die moeite werd maak.<br><br>**ISBN: 9780799384512** | R170 | 136 | **7HT**<br>**7-8EAT** |





| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Draakasem**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Darius se pa kan deur 'n rivier vol krokodille swem. Sy ma red ou tannies uit brandende geboue. Selfs sy kleinsussie skrik vir niks … En Darius? Hy is nie eens dapper genoeg om van die skool se duikplank af te spring nie. Maar alles verander toe hy op 'n dag 'n BAIE VREEMDE present by sy oupa kry … 'n Lekkerlees avontuurverhaal oor bang wees en dapper wees – en dat daar 'n draak binne elkeen van ons is wat ons kan help om ons vrese te oorkom.<br><br>**ISBN: 9780799394122** | R120 | 56 | **4 HT**<br>**5 EAT** |
| **Dromers**<br>**(gratis studiegids beskikbaar)**<br> | Fanie Viljoen<br><br>Dans is Byron Carelse se hele lewe. Op 'n dag sien iemand sy talent raak. Hy kry saam met 'n groepie ander township-kinders die kans om deel te wees van 'n glansryke vertoning by die kunstefees. Die kans om groot drome te droom ... groter as die township waar hy bly. Maar wat doen jy as die lewe jou drome probeer steel?<br>Hierdie jeugroman is in eenvoudige, maklik verstaanbare taal geskryf – perfek vir trae lesers.<br><br>**ISBN: 9780799383621** | R145 | 72 | **7HT** |
| **Gevaarlike lopies**<br>***(CAPS-skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***<br> | Jaco Jacobs<br><br>Henk kan nie wag vir die kriekettoer om te begin nie. Wat kan nou lekkerder wees as om saam met jou vriende die land plat te toer en die een krieketwedstryd na die ander te speel!<br><br>Maar van die begin af is dit duidelik dat hierdie nie 'n gewone toer gaan wees nie. Wie probeer by die span se bussie inbreek? Is daar regtig iemand wat snags in die koshuisgange rondsluip, of is dit Henk se verbeelding? Kort voor lank lyk dit of die kriekettoer in 'n nagmerrie gaan ontaard…<br><br>**ISBN: 9780799359794** | R115 | 72 | **7HT** |
| **Groen Vingers**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Toe sy op 'n dag 'n paar vreemde pitte in haar oupa se ou trommel ontdek, besluit sy om dit te plant. Eers lyk dit of niks gaan gebeur nie ... maar dan maak 'n monsterplant sy verskyning in die natuurwetenskapklas! Dit lyk selfs of die plant van plan is om vir juffrou Jansen op te eet ... tensy Sasha blitsvinnig 'n plan kan beraam!<br><br>**ISBN: 9780799379204** | R125 | 48 | **4 HT**<br>**4-5 EAT** |
| **Helde van Suid-Afrika 1**<br><br>***Ander boeke in die reeks:***<br>**Helde van Suid-Afrika 2**<br>**Helde van Suid-Afrika 3** | Wendy Maartens<br><br>Ontmoet 'n paar van die dapperste Suid-Afrikaanse helde! Hierdie boek bevat ses verstommende ware heldeverhale:<br>1. 'n Perd van 'n ander kleur<br>2. Die matriekheld van Henley-on-Klip<br>3. Nelson Mandela, 'n leier so na ons hart<br>4. Nkosi Johnson veg vir hoop<br>5. Wolraad Woltemade, 'n melkboer met durf<br>6. Japie Greyling swyg<br><br>Die stories word op 'n toeganklike manier met eenvoudige taalgebruik vertel.<br><br>**ISBN: 9780799388565** | R135 | 64 | **4 HT**<br>**5-6 EAT** |
| **Hoendervleis: Grillerige stories en rympies**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Hierdie boek vol grillerige stories en rympies sal jou heerlik hoendervleis laat kry! Daar is 'n weerwolf wat saam op die skoolkamp gaan, 'n paar spokerige handskoene wat goed is met klavier speel, 'n baie vreemde onderwyseres – en iets wat jou die hardste van almal in die fliek sal laat gil!<br><br>**ISBN: 9780799383874** | R155 | 104 | **6 HT**<br>**6-7 EAT** |
| **Jock van die Bosveld en ander ware dierestories**<br><br>***Ander boeke in die reeks:***<br>**Max die gorilla en ander ware dierestories**<br>**Leeu wat drukkies gee en ander ware dierestories** | Wendy Maartens<br><br>Ontmoet 'n paar dapper en interessante diere van regoor die wêreld! Ontdek die wonderlike verhaal van Jock, die Suid-Afrikaanse hond wat wêreldberoemd geword het; ontmoet 'n brilpikkewyn met die naam Gregory Peck wat mense geïnspireer het om nie die see te besoedel nie; en skud poot met Just Nuisance, 'n hond wat by die Britse vloot aangesluit het! Hierdie boek bevat vyf asemrowende ware dierestorieswat op 'n toeganklike manier met eenvoudige taalgebruik vertel word.<br><br>**ISBN: 9780799389289** | R125 | 48 | **4 HT**<br>**5 EAT** |





| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kampioen-reeks: Caster Semenya**<br><br><br>***Ander boeke in die reeks:***<br>**Kampioen-reeks: Hashim Amla**<br>**Kampioen-reeks: Siya Kolisi**<br>**Kampioen-reeks: Wayde van Niekerk**<br>**Kampioen-reeks: AB de Villiers** | Jeremy Daniel<br><br>Caster Semenya se skooljare was moeilik, maar sy het bo haar omstandighede uitgestyg en deesdae is sy 'n sportambassadeur vir ons land wat met 'n Olimpiese goue medalje spog. Jong sportliefhebbers sal versot wees op hierdie fantastiese reeks biografieë oor van ons land se blinkste sportsterre!<br><br>**Elke boek het 'n afdeling met aktiwiteite vir die klaskamer agterin.**<br><br>**ISBN: 9780799390704** | R120 | 104 | **5-7 HT**<br>**6-7 EAT** |
| **Kaptein verdwyn**<br>**(gratis studiegids beskikbaar)**<br><br> | Fanie Viljoen<br><br>Wat sal jy doen as jy onsigbaar kan raak?<br>Kyle is moeg daarvoor dat die skoolboelie op hom pik. Toe hy 'n nuwe selfoon kry, laai hy 'n vreemde app af – een wat belowe om jou onsigbaar te maak! Kort voor lank verander Kyle in 'n superheld: Kaptein Verdwyn! En hy besluit dit is tyd om die boelie 'n les te leer …<br><br>**ISBN: 9780799379044** | R135 | 72 | **6-7EAT** |
| **Keegan en Samier 1**<br><br> | André Trantraal<br><br>Vrydagmiddag ná skool kuier Samier en Samia by Keegan totdat hulle pa klaar gebid het by die moskee. Op pad huis toe tel Jenni-Lee 'n bossie sleutels op. Ouma besluit om hulle te wys hoe vingerafdrukke werk en saam doen hulle 'n bietjie speurwerk … Sal hulle kan uitvind aan wie die sleutels behoort?<br><br>**ISBN: 9780799397666** | R60 | 32 | **4 EAT** |
| **Keshia Davids, superheld**<br><br> | Alesha Dixon<br><br>Keshia Davids is net 'n doodgewone (gaap) skoolmeisie. Daar is niks spesiaals aan haar nie. Sy kan nie eens 'n behoorlike wawiel doen nie. Maar alles verander toe sy op 'n dag sien hoe 'n boelie op haar kleinsussie pik – en die vonke begin spat! Ja, regtig. Daar skiet ligstrale uit Keshia se vingers. Wat op aarde is aan die gang?<br><br>**ISBN: 9780799388763** | R170 | 160 | **7 HT**<br>**7 EAT** |
| **Kondensmelk**<br>**(studiegids beskikbaar)**<br><br><br>Daar is reeds 9 titels in die Elle-reeks. Van die boeke is in omnibusse beskikbaar.<br>***Koshuiskoffie***<br>***Blou sjokolade***<br>***Rocksusters***<br>***Duinebesies***<br>***Franse Vlegsel***<br>***Middernagklub***<br>***Pienk bikini***<br>***Droomkans*** | Christien Neser<br><br>Superhipermega-aaklig. Dis hoe Elle voel oor die vakansie wat voorlê.<br>1. Beskaafde mense hou nie vakansie in 'n tent in Botswana nie.<br>2. Sy mis haar twee beste vriende en die winkels en partytjies in die stad.<br>3. Zero selfoonontvangs.<br>4. Die familie en haar pa en ma se universiteitsvriende, die Mosterts, kom sak en pak saam.<br>5. Die Mosterts se twee irriterende, beterweterige, chauvinistiese, kondensmelkdrinkende seuns, Divan en Alex. Twee dorpsjapies. Twee koshuisbrakke. Wat haar boonop ignoreer. Vir háár, Elle-Belle. Geen normale ou met gesonde hormone het haar nog ooit geïgnoreer nie.<br>Maar in die bosse van Botswana ontdek Elle 'n nare geheim oor haar ouers ... en teen wil en dank moet sy die twee seuns beter leer ken.<br><br>*Kondensmelk* is 'n liefdesverhaal propvol humor – die perfekte klasleesboek vir meisieskole.<br><br>**ISBN: 9780799347623** | R180 | 160 | **7 HT** |
| **Liefde laat jou Rice Krispies anders proe**<br><br> | Tania Brink<br><br>Marzanne Odendal is 'n uitgeproke tiener wat daarvan droom om 'n beroemde verslaggewer te word, wat sonder die verpligtinge van 'n man en kinders, eendag rondom die wereld kan reis op soek na opwinding en avontuur. Maar dan ontvang sy 'n anonieme liefdesgedig per e-pos en stadig maar seker begin ons heldin se hart verkrummel...<br><br>**ISBN: 9780799340853** | R145 | 88 | **7HT** |
| **Max die masjien**<br><br> | Jaco Jacobs<br><br>Zander het nog nooit tevore iets gewen nie. Daarom is hy heeltemal uit die veld geslaan toe hy die GROOT PRYS in 'n kompetisie wen: 'n regte egte ... ROFSTOEIER!<br>Die stoeier se naam is Max die Masjien. Hy is rof en onbeskof. Hy het nie hare nie. Hy het nie 'n nek nie. Maar hy het spiere. Sy spiere se spiere het spiere. Bo-op al daardie spiere het hy 'n tatoe.<br>En hy gaan vir 'n hele WEEK lank Zander se persoonlike lyfwag wees!<br><br>**ISBN: 9780799388589** | R140 | 80 | **5 HT**<br>**6 EAT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Middernagfees**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Is jy gereed vir 'n middernagfees? Vampiere, weerwolwe, 'n zombie-poedel, besoekers uit die buitenste ruim, 'n monstertoilet ... Dit is net 'n paar van die vreemde en vreeslike goed op die spyskaart in hierdie heerlike bibberboek!<br><br>**ISBN: 9780799345186** | R160 | 96 | **5-6 HT**<br>**6-7 EAT** |
| **Monsterpizza**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Zia se pa se werk is om pizza af te lewer. Vanaand gaan Zia vir die heel eerste keer saam met hom op sy bromponie ry. Maar as 'n mens pizza aflewer, kan jy vreemde mense ontmoet … en baie vreemde dinge kan gebeur!<br><br>**ISBN: 9780799395730** | R115 | 56 | **4 HT**<br>**5 EAT** |
| **Monsterrugby**<br> | Fanie Viljoen<br><br>Ampie droom daarvan om sy skool se rugbyheld te word. Maar ongelukkig is sy bene maar aan die dun kant en hy vaar nie altyd te waffers op die rugbyveld nie. Daarom weet hy sommer hy gaan sy plek in die span verloor toe Max Swart sy opwagting in hul skool maak. Max is groot en sterk, hy lééf vir rugby en hy is 'n regte boelie. Kort voor lank vind Ampie uit dat Max 'n nare geheim het ... Hoe gaan Ampie die res van sy rugbyspan oortuig dat die skool se nuwe ster-speler in werklikheid 'n MONSTER is?<br><br>**ISBN: 9780799377255** | R135 | 80 | **5-6 HT**<br>**6-7 EAT** |
| **My ouma is 'n film-ster**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Rikus se ouma is anders as ander oumas. Sy het haar eie rockgroep, haar hare is groen gekleur en sy slaan 'n rol in 'n splinternuwe fliek los. Maar 'n filmstel kan soms 'n gevaarlike plek wees ... Sal Rikus uit die kloue van 'n gevaarlike skurk kan ontsnap – en Ouma se loopbaan as rolprentster red?<br><br>**ISBN: 9780799367195** | R125 | 40 | **4 EAT** |
| **My ouma is 'n rock-ster**<br>**(gratis werkboekie beskikbaar)**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Rikus se ouma is die hoofsanger van die gewilde rockgroep, OUMA! Sy is op die voorblaaie van koerante en tydskrifte, en gaan na partytjies toe saam met die staatspresident. Sy het selfs haar hare grasgroen gekleur en 'n rooi sportmotor aangeskaf! Dit is egter nie aldag maklik om die beroemdste ouma in die land te hê nie, soos wat Rikus uitvind toe 'n skurk probeer om sy ouma te ontvoer...<br><br>**ISBN: 9780799350845** | R125 | 40 | **4 EAT** |
| **Oe la la Lulu**<br><br>***Ander boeke in die reeks:***<br>**Bravo, Lulu**<br>**Oepse daisy, Lulu**<br>**Hokaai, Lulu**<br>**La di da, Lulu** | Fanie Viljoen<br><br>Vergeet van wiskunde en skoolwerk! Lulu wil 'n modeontwerper word. Nes haar pa en ma. Niks maak haar gelukkiger as om fantastiese ontwerpe in haar tekenboek te skets nie. Eendag gaan haar klere nog op die loopplanke van Parys en Milaan pryk – wag maar! Maar die tweeling Alex en Alet voel vere vir Lulu se ontwerpe en haar groot toekomsdrome. Hulle spot net met haar en laat haar gedurig in die moeilikheid beland. Asof dit nie genoeg is nie, gryp 'n wegholbrak een middag ná skool Lulu se kosbare sketsboek en hardloop daarmee weg. Maar dit is net die begin van 'n holderstebolder-avontuur met 'n hondetrourok, 'n beroemde aktrise en meters en meters van die allermooiste materiaal!<br><br>**ISBN: 9780799360011** | R145 | 72 | **5 HT**<br>**5-6 EAT** |
| **Olivia se olifant**<br> | Sylvia Bishop<br><br>Toe Olivia Olivier op die oggend van haar tiende verjaardag wakker word, verwag sy glad nie om 'n baie verwarde olifant op haar voorstoep te kry nie. Olivia se olifant is 'n betowerende storie oor 'n ongewone vriendskap tussen 'n dogtertjie en haar olifant.<br><br>**ISBN: 9780799380088** | R155 | 112 | **6 HT**<br>**7 EAT** |
| **Om te dans**<br> | Noreen Nolte<br><br>Lisa is nie seker of sy kans sien vir 'n nuwe begin nie. 'n Mens kan tog nie 'n delete-knoppie druk en al die aaklige dinge in jou lewe uitvee nie. Boonop is sy vasbeslote om nóóit weer te dans nie. En sy weier om met haar pa te praat, ná wat daardie vreeslike dag gebeur het ...<br>Die enigste ligpunt is Jaco, haar ouma se buurseun met die donker oë. Maar dit lyk of iemand daarop uit is om dinge vir haar en Jaco moeilik te maak.<br>Sal Lisa die moed kan bymekaarskraap om weer alleen op 'n verhoog te stap en die wêreld in die oë te kyk?<br><br>**ISBN: 9780799380194** | R170 | 144 | **7 HT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Oor 'n motorfiets, 'n zombiefliek en lang getalle wat deur elf gedeel kan word**<br>**(gratis studiegids beskikbaar)**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Martin Retief se hele lewe verander toe sy pa een middag stilhou om aandete te koop. Maar dan ontmoet Martin vir Drikus. Drikus wat aan 'n siekte ly en sy eie zombiefliek wil maak. Wat volg is 'n avontuur vol skouhoenders, skelms, mooi meisies, wiskunde, kammabloed en zombies.<br><br>**ISBN: 9780799362404**<br><br>**Daar is ook 'n fliek van die boek gemaak – *Nul is nie niks nie*.** | R170 | 128 | **7HT** |
| **Ouens is nie pizzas nie!**<br> | Tania Brink<br><br>Anja en Zanelle werk vir die Desembervakansie in 'n pizzarestaurant by die see. Anja steur haar soos gewoonlik nie aan al Zanelle se praatjies oor ouens of aan die tydskrifartikels wat sy lees nie - soos die een oor ouens en pizzas …<br><br>**ISBN: 9780799354942** | R145 | 100 | **7 HT** |
| **Perfek** ***(CAPS skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***<br> | Jaco Jacobs<br><br>Blonde hare ... Helderblou oë ... 'n Skitterwit glimlag ... Natasja is perfek. Dit besef Jak die oomblik toe sy by die klas se deur instap. Maar hy is net 'n doodgewone ou. Hoe kan hy die mooiste meisie in die skool se aandag trek? Julia, sy beste vriendin, het 'n plan ...<br><br>**ISBN: 9780799359831** | R135 | 80 | **7 EAT** |
| **Pieksel**<br> | Fanie Viljoen<br><br>Vossie de Vos is alleen. Stoksielalleen. Hy het niemand om met hom te speel of hom geselskap te hou nie. Maar Vossie is goed daarmee om dinge uitmekaar te haal en aanmekaar te sit. Op 'n dag besluit hy om vir hom 'n maat te bou. Die oomblik toe Pieksel se ligte aan flikker en sy ratte klikketie-klak begin beweeg, verander Vossie se hele lewe. Pieksel is 'n briljante robot! Hy kan praat, speel, boeke lees en hy is die wêreld se beste boomklimmer. Saam met Pieksel is elke dag 'n avontuur, en Vossie hoef nooit weer alleen te wees nie! Maar hoe lank sal hulle maats kan bly?<br><br>**ISBN: 9780799394108** | R145 | 96 | **5-6 HT**<br>**6-7 EAT** |
| **Plons!**<br> | Fanie Viljoen<br><br>Henry kan sy geluk nie glo toe 'n vreemde meisie op 'n dag hul deurklokkie lui nie. Sy is baie mooi – met lang vlegsels, oulike sproete en blou oë. Maar dan vind Henry uit Mila het 'n geheim. Sy is 'n meermin.<br><br>**ISBN: 9780799367171** | R145 | 64 | **4 HT**<br>**5 EAT** |
| **Prinses Klara en die krokodil**<br> | Laura Amy Schlitz<br><br>Prinses Klara se ouers glo 'n prinses moet skoon en slim en sterk wees. Daarom laat haar oppasser haar drie keer per dag bad. Haar ma lees vir haar vaal, vervelige boeke. En haar pa laat haar elke dag honderde keer touspring.<br><br>Prinses Klara is siek en sat daarvoor. Sy besluit wat sy nodig het, is 'n bietjie pret en avontuur. Daarom skryf sy vir haar towertante 'n spesiale briefie om te sê sy soek 'n hond.<br><br>Die volgende oggend staan daar 'n boks voor haar bed … maar binne-in is nie 'n hond nie. Dis 'n krokodil!<br><br>**ISBN: 9780799384314** | R145 | 80 | **5-6 HT**<br>**7 EAT** |
| **Professor Fungus en die gekloonde konyn**<br><br>*Daar is reeds 14 titels in die Professor Fungus-reeks.* | Jaco Jacobs<br><br>Professor Fungus het 'n probleem: Sy nuutste uitvinding wil glad nie werk nie! Die Dupliserende Infrarooi Trippel-Turbo Omsetter (kortweg sommer D.I.T.T.O.) is veronderstel om dinge te kloon … maar dit doen net mooi niks!<br><br>Bennie, Jenny en Edison die robot dink dit is hoog tyd dat die professor 'n blaaskans neem en 'n slag uit sy laboratorium kom om vars lug te kry. Dalk is 'n uitstappie na neef Naas se plaas net die regte medisyne! Maar op die plaas loop dinge onverwags skeef – en kort voor lank is daar 'n KONYN-KATASTROFE met konyne net waar jy kyk!<br><br>**ISBN: 9780799389234** | R125 | 40 | **4 EAT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Sanri Steyn: Doktor Zombos se geheime formule**<br><br>*Daar is reeds 8 titels in die Sanri Steyn-reeks. Van die boeke is in omnibusse beskikbaar.* | Theresa van Baalen<br><br>Hierdie is die eerste boek in 'n lekkerleesreeks oor aspirantjoernalis Sanri Steyn en haar vriend Markus se avonture op Raaiselfontein. Die aweregse humor en lekker grillerige avonture sal seuns en meisies vasgenael hou!<br><br>**ISBN: 9780799366723** | R135 | 72 | **5 HT**<br>**5-6 EAT** |
| **Skwiek**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Op 'n dag kry Nathan 'n geheimsinnige boks voor hul woonstel se deur. En binne-in is 'n hamster. Hy is oulik en wollerig en sy naam is Skwiek. En hy is nie sommer 'n gewone hamster nie ... Hy kan mense hipnotiseer! Maar dan vind Nathan uit Skwiek is op 'n geheime sending ... en 'n gevaarlike skurk is warm op hul spoor!<br><br>**ISBN: 9780799383683** | R135 | 64 | **4-5 HT**<br>**5-6 EAT** |
| **Spaghetti tussen jou tone**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Tom en Trevor se nuwe juffrou is amper te goed om waar te wees.<br>Haar naam is juffrou Zaan van Graan.<br>En almal sê sy word NOOIT OOIT kwaad nie.<br>Maar Tom en Trevor hou van poetse bak.<br>Dit is hulle spesiale talent!<br>Daarom begin hulle dadelik planne maak.<br>Planne om die nuwe juffrou WOEDEND te maak!<br>Maar die twee grootste poetsbakkers in die skool vind uit waarom dit NIE 'n goeie idee is om met 'n juffrou soos juffrou Zaan skoor te soek nie. Jy mag dalk net die een wees wat spaghetti tussen jou tone kry ...<br><br>**ISBN: 9780799384444** | R125 | 48 | **4 HT**<br>**4-5 EAT** |
| **Spoekie**<br> | Jason Reynolds<br><br>Hardloop is al wat Spoekie ken vandat sy pa hom en sy ma probeer skiet het. Vasgevang in 'n gewelddadige omgewing vol misdaad word Spoekie 'n moeilikheidmaker wat heeldag weghardloop van sy probleme. Tot die dag wat hy vir Coach ontmoet en 'n plek in die atletiekspan loshardloop … Kan hy uiteindelik sy verlede agterlaat?<br><br>**ISBN: 9780799389241** | R180 | 144 | **7 HT** |
| **Sterkykers (gedigte)**<br> | Saamgestel deur Jaco Jacobs<br><br>Hierdie bundel vars, verrassende gedigte  vir tieners bou voort op die suksesvolle *Toulopers*. Bekende digters en skrywers soos Koos Kombuis, Ronelda S. Kamfer, Nathan Trantraal, Annie Klopper, Fanie Viljoen, Izak de Vries en Jaco Jacobs span kragte saam met opwindende nuwelinge soos Deon Meiring (hoofsanger van die groep Glaskas), Solette Swanepoel, Donnay Torr en Danie du Toit (sanger en liedjieskrywer van die groep Spoegwolf) in 'n opwindende digbundel wat spesiaal saamgestel is om hedendaagse jongmense se leefwêreld te weerspieël.<br><br>**ISBN: 9780799372755** | R155 | 56 | **7 HT** |
| **Superheroes vlieg net saans**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Is 'n witmuis nog 'n witmuis as hy groen is? Miek is in groot moeilikheid omdat hy die natuurwetenskapklas se witmuis groen gekleur het, en boonop het hy nog nie aan 'n projek gedink vir entrepreneursdag nie. Al wat hom nou kan red, is as 'n luislang vir juffrou Makhetha en meneer Roux insluk. Maar dan val daar 'n superhero in Miek-hulle se agterplaas – bo-op die hondehok! Gaan hy Miek kan help om sy probleme op te los, of gaan hy net meer moeilikheid veroorsaak?<br><br>**ISBN: 9780799366358** | R135 | 64 | **4-5 HT**<br>**5-6 EAT** |
| **Superskurk**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Daar is honderde reëls in Wessel se oupa se huis, en selfs al gehoorsaam jy al die reëls, is 'n hamerkophaai met tandpyn nog steeds vriendeliker as sy oupa. Toe Wessel se ouers hom dus by sy oupa aflaai sodat hulle op 'n eilandvakansie kan gaan, weet hy die goorste vakansie van sy lewe het pas aangebreek.<br>Maar iets is nie pluis nie. Waarom sluip sy oupa snags in die donker rond? Wat steek hy in die geheimsinnige gebou buite in die tuin weg? Hoekom het hy party oggende vreemde skrape en bloukolle, asof hy in 'n geveg was? Daar is net een manier om uit te vind ...<br>Kort voor lank is Wessel deel van 'n wilde pretrit vol superhelde, skurke, supercool tegnologie, agterbakse planne en ongelooflike ontploffings! En dit lyk of die verveligste vakansie van sy lewe dalk die avontuur van 'n leeftyd gaan word ...<br><br>**ISBN: 9780799388794** | R135 | 80 | **5-6 HT**<br>**6-7 EAT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Suurlemoen!** **(gratis studiegids beskikbaar)**   | Jaco Jacobs<br><br>Daar is 'n paar basiese reëls wanneer jy jou eerste band begin ...<br><br>1. Besluit vooraf watter soort musiek julle wil maak.<br>2. Neem jou tyd om lede vir jou band te kies.<br>3. Moenie op iemand in jou eie band verlief raak nie.<br><br>Ons het al die reëls oortree ...<br><br>**ISBN: 9780799342352**<br>**Daar is ook 'n fliek van die boek gemaak.** | R180 | 160 | **7 HT** |
| **Suzie se superdoeper-sjampoe**   | Jaco Jacobs<br><br>Suzie is mal oor hare. Nog voordat sy kon praat, kon sy al 'n poniestert maak.<br>Wanneer sy eendag groot is, wil sy 'n haarkapper word. Sy hou van haar pa se netjiese kuif. Sy hou daarvan om haar ma se lang hare te kam. Sy hou van haar boetie se borselkop. Sy hou van haar ouma se grys krulletjies...<br>Maar Suzie se oupa het glad nie hare nie. Sy kop is kaal soos 'n eier. Daarom besluit Suzie om 'n plan te maak...<br><br>**ISBN: 9780799351187** | R125 | 48 | **4 HT**<br>**4-5 EAT** |
| **Sweef en ander verhale** **(kortverhale, studiegids beskikbaar)**   | Saamgestel deur Adinda Vermaak & Marieta Nel<br><br>Al die verhale in Sweef het een ding gemeen - dit is spesifiek gefokus op tieners en hul belewenis van die wêreld. Daar is stories wat jou sal laat dink en droom, stories wat jou sal laat ril en raai, en bowenal stories wat jou sal laat ... sweef.<br><br>**ISBN: 9780799345520** | R190 | 172 | **7 HT** |
| **Thomas@sms.net** ***(CAPS-skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***   | Carina Diedericks-Hugo<br><br>Met hierdie reeks klim Carina Diedericks-Hugo met haar heerlike humoristiese skryfstyl en spannende, eietdse storielyne in die koppe en harte van tieners. Haar wenresep is 'n mengsel van aksie, humor, uiteenlopende karakters en selfs 'n tikkie romanse sodat seuns- en meisielesers ewe sterk by die reeks kan aanklank vind. Geen wonder dat Thomas@moord.net al in sy 20ste druk is nie!<br><br>**ISBN: 9780799359817** | R135 | 104 | **7 HT** |
| **Toulopers** **(gedigte, studiegids beskikbaar)**   | Saamgestel deur Jaco Jacobs<br><br>Die 54 gedigte in Toulopers is almal splinternuut en is geskryf met tieners van 13 tot 15 jaar in gedagte. Van ernstiger temas tot glimlagverse, van rebelse gedigte tot dolverliefde SMS-poësie – al die bydraes in hierdie bundel is met een doel voor oë gekies: om tot moderne tieners se leefwêreld te spreek.<br><br>**ISBN: 9780749627993** | R155 | 68 | **7 HT** |
| **Vis en Tjips** ***(CAPS-skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***  | Jaco Jacobs<br><br>Watter soort ou breek by 'n akwarium in? En verf graffiti teen die muur? Of gooi bottels en ander gemors in die dolfyntenk? Kevin Pieterse, dis wie. Kevin is moeilikheid met 'n hoofletter "M". As straf vir sy vandalisme moet hy gemeenskapsdiens by die akwarium doen. Crystal kan nie glo sy moet die hele Desembervakansie in sy gesig vaskyk nie. Sy wens hy beland pens en pootjies in die haaitenk. Maar dan ontmoet Kevin vir Ginger die dolfyn. En dit is liefde met die eerste oogopslag ...<br><br>**ISBN: 9780799359800** | R135 | 88 | **7HT** |
| **Viskos!**   | Jaco Jacobs<br><br>Wat sal jy doen as 'n boelie jou goudvis in die skool se toilet afspoel? Dit is presies wat met Dennis gebeur. Gelukkig kry hy sy goudvis terug. Maar iets is nie reg nie ...<br><br>Daar wag 'n GROOT skok op die hele skool toe Dennis se goudvis begin groei en groei en GROEI! Kort voor lank is selfs die weermag op die toneel. Dennis is die enigste een met 'n plan om 'n ramp te voorkom ...<br><br>**ISBN: 9780799373943** | R135 | 56 | **4 HT**<br>**4-5 EAT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Wilde Wikus**   | Jaco Jacobs<br><br>'n Wilde wragtig genaamd Wilde Wikus Het daar 'n zombie-virus uitgebreek? Is ruimtewesens besig om die aarde aan te val? Het iemand 'n hele weermag ninja-robotte losgelaat? Of waarom wil Wikus se beste maat, Rico, dan skielik nie meer Vrydagmiddag by hom kom kuier nie? Die waarheid is nog erger as zombies, ruimtewesens of ninja-robotte. Rico het 'n nuwe beste maat. Iemand wat baie opwindender as Wikus is. Wikus besluit om 'n plan te maak …<br><br>**ISBN: 9780799394900** | R125 | 56 | **4 HT**<br>**4-5 EAT** |
| **Wiskunde gee my maagpyn**   | Jaco Jacobs<br><br>Mia haat wiskunde. Sy hou nie van optelsomme nie en sy hou nie van aftreksomme nie. Vermenigvuldigsomme gee haar hoofpyn en sy verstaan nie deelsomme nie.<br>Haar aaklige wiskunde-onderwyser, meneer Vermaak, sê nie eers 'Môre, klas' soos die ander onderwysers nie. Hy sê net: 'Vandag maak ek MAALVLEIS van die een wie se wiskunde nie gedoen is nie!'<br>Maar wat meneer Vermaak nie weet nie, is dat Mia besig is om 'n boek oor hipnose te lees... En dat sy selfs onbeskofte wiskunde-onderwysers allerhande toertjies kan laat doen!<br><br>**ISBN: 9780799354911** | R125 | 48 | **4 HT**<br>**4-5 EAT** |
| **Z is vir Zackie 1: Die rowwe resies**   | Jaco Jacobs<br><br>Zackie en Vincent is baie opgewonde oor die skool se kaskar-resies. Maar Anton, die skool se boelie, het 'n splinternuwe kaskar. En hy het 'n nare plan om seker te maak dat Zackie en Vincent nie die resies wen nie.<br><br>Die oorspronklike Zackie Mostert-reeks het reeds duisende aanhangers - en nou is daar ook 'n leesreeks, perfek vir beginnerlesers. Elke boek bevat helder volkleurillustrasies en maklik verstaanbare teks wat die prettige stories vir jong lesers of EAT-leerders toeganklik maak.<br><br>**ISBN: 9780799397178** | R50 | 32 | **4 EAT** |
| **Zackie Mostert druk 'n drie** ***(CAPS skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***   | Jaco Jacobs<br><br>Granaatstraat is 'n straat nes enige ander straat. Wel, nie heeltemal nie ... Dis immers die straat waarin Zackie Mostert bly! En waar Zackie is, gebeur altyd iets opwindends.<br><br>Zackie en Vincent sien baie uit na die rugbytoer. Selfs al speel hulle nie vir die A-span nie. En selfs al dra hulle span se afrigter lipstiffie! Maar dan word die rugbytoer afgestel, en almal dink dis Zackie se skuld ...<br><br>**ISBN: 9780799359824** | R135 | 72 | **6-7 EAT** |
| **Z-A-K Blou Planeet**   | Theresa van Baalen<br><br>Twee wêrelde is op die punt om te bots ... Mitch het 'n knop op sy maag, hy weet iéts gaan gebeur. Iets sleg. En dan land die ruimtewesens in Deltaville en ontvoer inwoners van die dorp. Mitch en sy beste vriend, Lionel, besef dat dit hulle taak sal wees om die inwoners te red. Op die planeet Zenkion is Imke besig om oor die Blou Planeet, Aarde, te leer. Haar ma was 'n Aardling en dit beteken Imke is half-Blou Planeter, half-Zenkioniet. Al wat Imke wil doen, is om die blou waters van die Blou Planeet te sien. Sal sy die kans aangryp om na hierdie planeet te gaan? Al is die planeet besig om aangeval te word … Mitch en Imke se wêrelde ontmoet in hierdie verhaal oor ruimtereise, ruimtewesens en 'n soeke na die plek waar elkeen behoort.<br><br>**ISBN: 9780799394054** | R185 | 144 | **7 HT** |

**Bestel boeke vir jou skool: liesbetg@lapa.co.za | 0846172019 | www.lapa.co.za**

- **Indien daar nie 'n studiegids beskikbaar is vir die boek wat julle skool wil voorskryf nie, kan ons moontlik 'n gids saamstel indien die skool 'n grootmaatbestelling plaas.**
- **Terme en voorwaardes geld.**
- **Pryse is onderhewig aan verandering.**